VEELS GELUK AAN ALMAL WAT HIERDIE WEEK VERJAAR!

Vandag:	Sue Calder, Stephanie du Plessis, Fanie Fouché, Ian Myburgh, Jurgens Myburgh, Odenda van der Merwe.
Maandag:	Gideon du Plooy, Riaan Lourens, Gawie Thirion.
Woensdag:	Martin Booyens, Sita Cowley, Koos Janse van Rensburg, Elizabeth Lorenzen, Talita Meyer, Lukas Roode, Denice Smit, Pieter Vermeulen.
Donderdag:	Johan de Waal, Milla Greeff, Kyle McLeod, Mary Woudberg.
Saterdag:	Stefan Janse van Rensburg, Ria Jansen, Miecke Latsky, Babie Marais, Marilie Oberholzer, Henning Olivier, Anli Venter.

Kategese vandag!

Graad R-3 is eers in die kerkgebou en gaan dan na hul klassie

Graad 4-7 na die erediens in die Jeuglokaal.

Graad 8-10 na die erediens in die Familiekamer.

Belydenisklas 17:00 - 18:00 in die Familiekamer

NUWE DEBIETORDERSTELSEL

Ons nuwe debietorder maak dit vir jou makliker om jou dankoffer maandeliks oor te betaal. Stuur gerus vir Luna 'n e-pos (boekhouer@nghottentotsholland.co.za) indien jy graag wil hê dat ons jou hiermee moet help of kontak gerus die kerkkantoor. Neem gerus 'n vorm hiervoor in die voorportaal.

Lees die Bybel op jou selfoon. Laai gerus die ***YouVersion*** toepassing op jou foon of rekenaar af. Hiermee het jy toegang tot letterlik honderde Bybelvertalings in baie verskillende tale. Daar is ook talle Bybelplanne, wat jou help om die Bybel te lees.

YouVersion

Jy kan ook van die **Snapscan** toepassing op jou slimfoon gebruik maak om jou dankoffer weekliks (tydens eredienste) en maandeliks te gee. Onthou asb. die regte verwysing.
Bankoffer vir dankoffer tydens erediens
Dankoffer vir maandelikse dankoffer

Familiekerk
NG Hottentots-Holland
Dissipels van Jesus

FAMILIENUUS

SONDAG 22 MEI 2022

BAIE WELKOM BY VANDAG SE EREDIENS

09:00: HENNIE FOUCHÉ

SKRIFLESING: OPENBARING 21:9 -22:5

TEMA: GOD IS TEENWOORDIG - DÍT IS WAAR MY OPTREDE VANDAAN KOM

DEUROFFERS: **Bright Lights**

Bright Lights is 'n sentrum waar kinders wat grootword in moeilike omstandighede en nie in hoofstroom skole geakkomodeer word nie opleiding ontvang met die doel om hulle weer in hoofstroom skole te integreer. Hulle is tans besig met 'n organisatoriese en bestuurs herstrukturering. Dit is 'n moeilike tyd vir beide die kinders en die personeel wat ook tot gevolg het dat baie van ons gemeente se programme daar tydelik tot stilstand gekom het.

Vanoggend se deuroffer gaan spesifiek gebruik word om Bright Lights te ondersteun in hierdie moeilike tyd. Sodra Bright Lights se herstrukturering agter die rug is, sal ons voortgaan met ons programme om saam met hulle te werk en hulle te ondersteun.

Volgende week: Bybelverspreiding

Hemelvaartdag - **Donderdag 26 Mei 2022**

Erediens 09:30 en 19:00

Leraars:	Hennie Fouché	082 859 5646;	hennie@nghottentotsholland.co.za
	Ewald J van Rensburg	082 451 2584;	ewald@nghottentotsholland.co.za

Kerkkantoor: **Pleinstraat 20, Somerset-Wes, 7130** Maandag tot Vrydag 08:30 - 13:00
Telefoon: 021 852 5004 **E-pos:** admin@nghottentotsholland.co.za
Bankbesonderhede: NG Kerk Hottentots-Holland; ABSA Takkode 632005, Rek 2900 5900 51
Webblad: www.nghottentotsholland.co.za
Direkte Erediens-uitsendings: http://minivids.antfarm.co.za/NG-HH/
YouTube adres: https://youtube.com/channel/UC6L0OCh0mvcwrmqkI1iWULA

Ons help mekaar

HEERLIKE WILDSBILTONG

(Koedoe, Eland, Gemsbok, Blesbok of Springbok)
Bestel gerus by **Derick Lambrecths @ tel 0829669420**
R299/kg
Onthou, **Vadersdag is om die draai**
(Derick is 'n lidmaat van ons Gemeente - **so help ons mekaar)**

Gemeentelid dringend op soek na 'n voertuig

Hierdie gesin het 'n betroubare voertuig nodig om by hulle werk te kom en sodoende 'n inkomste te kan verdien. Hulle kan ongeveer R45 000 bekostig. Indien jy weet van so 'n voertuig of self oor so 'n voertuig beskik en dit kan verkoop, kontak asseblief vir Hennie (082 859 5646.

Beskikbaar vir huiswerk en / of versorging

Mpho, 'n betroubare, vriendelike en lojale werker, wil graag ook op **Saterdagoggend werk**. Sy is besonder goed met die versorging van ouer persone, maar doen ook algemene huiswerk (Homecare and caregiver-kursus voltooi). Skakel gerus vir Dan of Marie de Villiers vir verdere inligting by 082 495 1097.

Laat ons asb ook nie ophou om vir mekaar te bid nie

Uitnodiging aan mans om mekaar te ondersteun

Daar is nog vier plekke beskikbaar vir die **ontbyt vir mans op Dinsdag 24 Mei 2022**, 06:30 by *The Farmhouse*, Caledonstraat.

Hierdie is 'n geleentheid om mekaar te leer ken en mekaar te kan ondersteun. Koste is R100 per persoon.

As jy nie self die geleentheid kan bywoon nie, is jy welkom om iemand anders te borg om dit wel by te woon.

Kontak asb Maandagoggend die kerkkantoor.

Bybelgesprek - elke Woensdag 08:45–09:45 - Familiekamer

Ek glo in die Heilige Gees

Ons het nou reeds ontdek dat die doop met / uitstorting / ontvang van die Heilige Gees verskillende begrippe is vir dieselfde saak, en dat dit 'n eenmalige gebeure is. Die vervulling met die Heilige Gees, of voortgaande bekering, of heiligmakings is 'n voortdurende proses.

Eerskomende Woensdag gesels ons oor verskillende beelde wat Paulus gebruik om die werking van die Heilige Gees in ons te beskryf.

Jy is baie welkom - al is dit net vir een byeenkoms.

Lig vir die Wêreld — Skoenebank

Macassar Jesusbende ontvang die geleentheid om *gedurende skooltyd* die evangelie aan kinders van Macassar Primêr te bring. Ons het agtergekom dat daar kinders is wat nie die regte skoolklere het nie en daarom nie skool toe wil kom nie. Om daarmee te help, gaan ons 'n **skoenebank** vestig. As jou kind se **swart skoolskoene** te klein geword het, en daar is nie iemand anders wat dit kan gebruik nie, bring dit gerus na die kerkkantoor, of Sondae na die erediens. Ons gaan die skoene hou, en die skool sal ons laat weet watter nommers skoene hulle benodig.

Laat weet asb as jy kan help om Bybellesse aan te bied.

Pinkster 2022 Vyf Verhoudingsleutels van Jesus

Hoe om die teenwoordigheid van Jesus in ons verhoudings uit te leef
Lewe in liefde soos Christus ons ook liefgehad… (Efesiërs 5:2)

Sondagoggend 29 Mei **Wees bewustelik** (Lukas 19:1-10)
Sondagaand 29 Mei **Wees toeganklik** (Lukas 7: 36-50)
Maandagaand 30 Mei **Wees genadiglik** (Johannes 8:1-11)
Dinsdagaand 31 Mei **Wees eg-dapper (in liefde)** (Johannes 1:43-51)
Woensdagaand 1 Jun. **Wees selfloos** (Johannes 13:1-17)
Sondagoggend 5 Jun. **Fokus op Jesus, Jesus word sigbaar.** (Ps. 104)

Elke aand om 19:00 in die kerk (Maandag tot Donderdag ook in kerkgebou om 9:30) - Pinksterdienste is vir die hele familie bedoel.
Dit word gelei deur Ewald van Rensburg.
Sop en brood *elke aand (ook in die oggend) na die diens waar elke lid van ons familiekerk gesellig kan saamkuier!*